Februarie 2007

Dagsê al die belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

Ek is tans besig om ‘n elektroniese foto-album saam te stel van Kerkplein voor 1900. Hier is nou al 140 foto’s op my rekenaar. Nou kom die groot werk om die geskiedenis van die geboue op elke foto te beskryf. Van sommige van die ou geboue is daar bitter min gegewens beskibaar. Self die ou koerante lewer nie veel op nie.

Dié wonderlike nuus kom van Anton Jansen.
Die Stadsraad het fondse bewillig vir die restourasie van die klokke en uurwerk in die toring van die Ou Raadsaal op Kerkplein. Dit is die afgelope twee weke afgehandel en die horlosie loop en die klokke slaan weer.

Maar ons sit met 'n probleem en ons hoop iemand kan ons help. Hoe het die klokke geslaan as dit kwart-oor, half, kwart-voor en vol uur is. Volgens heelwat mense wat ek geraadpleeg het is dit beslis nie die Westminsterwysie van die Uniegebou nie. Let wel daar is vier klokke van verskillende groottes - so dit kan 'n deuntjie speel.

Wat ons wel in bronne gevind het is dat die klokke op die Dietse of Hollandse manier geslaan het, naamlik as dit kwart oor twee is dan slaan hy drie keer, so ook as dit half-drie, kwart-voor en drie uur is. Maar watter klok het dan geslaan?

Ek hoop iemand kan help.
Groete
Anton Jansen
HUB: Tshwane Geboue-Erfenisvereniging
083 653 0982

Die volgende antwoord kom van Albrecht Holm
Die boek "Mure wat praat" deur Albrecht Holm en Dierdre Viljoen is 'n goeie bron van inligting vir enigiets ivm die Raadsaal, die ZAR argitektuur en Wierda. Die skripsie van dr Hermann Rex, "Lewe en werk van S W Wierda" is ook waardevol, en albei boeke gee talle ander bronne vir navorsing. As 'n mens dus aan die Raadsaal en ander ZAR geboue werk kan mens die nodige inligting op dié manier vind.

Wat die klokke en hulle deuntjie betref die volgende: Jy is reg dat die klokke Duits gepraat het want hulle en die uurwerk is in Duitsland gemaak (kyk "Mure wat praat" bls 45 en 106). Hulle het dus gelui: "kwart (tot) een" half (tot) een" en "driekwart (tot) een" ens. In Duits praat mense vandag nog so, in Hollands weet ek nie of die "kwart een" en "driekwart een" gebruiklik is nie. Dalk in Fries wel? Slegs drie van die klokke is gebruik om die tyd aan te dui. Die kleinste klok (met die hoogste toon) het eerste gelui, kort daarna die tweede kleinste. Dit het omtrent geklink soos "piesang....piesang...." vir "half" of "piesang.... piesang.… piesang...." vir "driekwart". Daarna, na 'n verdere kort pouse het die derde klok die ure aangedui.

Die klokke het ook name (of spreuke) gehad wat in hulle ingegiet is. Kyk gerus in bogemelde publikasies. Maar wanneer het die gootste klok "Die Staatspresident Paul Kruger" gelui? Ek meen dat hy nie deel was van die uurwerk nie maar bedoel was as 'n soort "brandklok" soos meestal in Europese raadsgeboue die geval was. Hy sou dus net by besondere geleenthede soos staatsbesoeke, alarms, brande of belangrike geboortes en sterftes gelui word. Miskien kan jy gaan kyk of sy


meganisme aan die uurwerk gekoppel is en of sy hamer ooit baie gewerk het. As dit wel so is sou hy dan waarskynlik tesame met die derde klok gelui het.


Weet jy dat Kitchener toe hy in die hotel op Kerkplein tuisgegaan het gekla het oor die lui van die klokke deur die nag en hulle laat stilmaak het? Hy was waarskynlik veral geïrriteerd deur hulle taal.

Groete,
Albrecht

<u>MC Heunis het foto's van die volgende interessante stukkie geskiedenis gestuur</u>.

Wie kan raai wat dit is?  Kyk op die volgende bladsy vir die antwoord.






<u>Prince Christian Home</u>
Prins Christian Victor, kleinseun van Koningin Victoria, is op 29 Oktober 1900 in Pretoria oorlede aan ingewandskoors. Hy is glo in oom Paul se kis begrawe. Ek het foto's van sy begrafnis, die kis wat in staatsie lê, die graf, en later die graf met die grafsteen. Dan het ek ook 'n foto wat heel moontlik sy sterfkamer uitbeeld. 'n Fotograaf [ek dink dit was Jones] het die foto's geneem om later as poskaarte te verkoop. Seker in Engeland.

Ek het 'n baie interessante saamgeselde foto [1908] by David van Staden gekry van drie geboue in Voortrekkerhoogte. Een van die geboue is die Prince Christian Memorial Soldiers' Home, Roberts' Heights. Paul Els wat navorsing doen oor Voortrekkerhoogte is baie opgewonde oor die foto; hy het dit nog nooit voorheen gesien nie en ook nognie van so 'n gebou gehoor nie. Het iemand miskien meer inligting?

Volgens Tom Andrews het sy moeder in 1904 die graf besoek en 'n takkie "myrtle" van koninging Victoria se tuin op sy graf geplant. Sy het ook 'n akkerboompie van dieselfde tuin oorkant die begraafplaas in die park geplant wat toe die naam Prince's Park gekry het. Tydens haar besoek het sy ook die hoeksteen van 'n ouetehuis gelê op die grond aangrensend aan die begraafplaas. Die stadsraad het later die grond oorgeneem, die gebou afgebreek en die hoeksteen is oorgeplaas na 'n nuwe gebou in Muckleneuk wat vandag nog bestaan.

Wat is die geskiedenis van die gebou in Voortrekkerhoogte? Waar het dit gestaan en wanneer is dit gebou? Ons soek inligting.

Groete tot volgende maand. Rosa Swanepoel